# GEMEENTEBULLETIN

24 MEI 2020

STELLENBERG GEMEENTE

## SONDAG 24 MEI | PINKSTERREEKSE BEGIN

**Pinksterdiens**

Joh. 16:1-13 en Hand. 2:37 | Ek glo in die Heilige Gees | Ds. Marius Breytenbach

**Meditatiewe diens**

Filippense 4:6-8 | Leë momente vol veranderinge | Ds. Philipp Dietmann

**Kinderpinkster**

*Survivor* Egipte | Brenda Visser

**Jeugpinkster**

*Open to worship* | Ds. Hanno Ackerman

**KYK** na die beeldopnames van die Pinksterdienste asook die Kinder- en Jeugpinksterreekse op die Pinksterbladsy van www.stellenberg.co.za. Dit sal daagliks vanaf sesuur soggens op die webwerf beskikbaar wees.

**LUISTER** na die klankbaan van die Pinksterdienste op die webwerf.

**LEES** die geskrewe Pinksterdienste wat ook op die Pinksterbladsy van die webwerf beskikbaar is. Interessante bykomende leesstof wat by die reeks aansluit, sal op die PINKSTER-BLOG, asook op die Pinksterbladsy van die webwerf, beskikbaar wees.

## MET LEEDWESE

- Ons neem afskeid van Reniette Hofmeyr de Villiers, gebore 03/12/1945 en oorlede op 08/05/2020. Sy het voorheen in St Malostraat, Everglen gewoon. Haar huldigingsgeleentheid was op 10 Mei. Ons opregte meegevoel met Johan en Cecile de Villiers, asook die res van haar naasbestaandes.
- Carlo Loubser, voorheen van Sunningdale 24, is onlangs oorlede na 'n lang stryd met kanker. Ons innige meegevoel met sy vrou, Henrietta Loubser, wat tans in Somerwet-Wes woon.

### PINKSTER-BLOG

Op die Pinkster-blog sal jy interessante aanvullende agtergrondinligting wat by die Pinksterreeks aansluit, vind. Die skakel na die blog (groen knoppie) is op die Pinksterblad op www.stellenberg.co.za.

### GEDAGTES VIR ELKE DAG VAN INPERKING

'n Geestelike dagstuk word daagliks op www.stellenberg.co.za onder "Gedagtes vir elke dag" geplaas, of lees dit elke dag op die gemeente se Facebookblad.

## KATEGESEHULP VIR PA EN MA

Om dit vir ons Annibrand Junior-ouers makliker te maak, is daar nou weekliks 'n video-opname van die kategeseles op die Annibrand Junior-bladsy op die webwerf beskikbaar. Jy kan die video vir jou kinders aanskakel. Dit is kindervriendelik en stel hulle in staat om die les op hulle eie deur te werk. Gee gerus vir ons terugvoer rakende die kategesemateriaal by sunet@stellenberg.co.za.

## NUUS PER E-POS OF OP JOU SELFOON

Sluit gerus by ons e-posverspreidingslys, of die gemeente se WhatsApp-groep aan.

- As jou naam op die e-posverspreidingslys is, sal jy elke Vrydag die skakel na die oggenddiens se preek, die geskrewe preek, asook die bulletin per e-pos ontvang. Stuur 'n e-pos aan sanel@stellenberg.co.za om aan te sluit.
- Lede van die WhatsApp-groep ontvang Vrydae die skakel na die oggenddiens se preek, asook die bulletin op hulle selfone. Stuur jou naam, van en selfoonnommer na 083 611 4720.

## KUIER SAAM IN VIRTUELE MARKPLEIN

Raak deel van ons aanlyn gespreksgroep op Sondagmiddae. Indien jy internettoegang het, kan jy via 'n skakel op die byeenkoms inteken. Eerskomende Sondag om 16:00-16:40 lei Marius Breytenbach (marius@stellenberg.co.za) die gespreksgroep. Stuur jou naam, van en e-posadres vir hom sodat hy die skakel na die gespreksgroep per e-pos vir jou kan stuur.

## 2 LITER ROOMYSBAKKE

Ons het dringend 2 liter roomysbakke vir die verspreiding van sop nodig. Bakke kan Dinsdag tussen 09:00 en 10:00 by die markplein afgegee word.

## BEDIENING AAN EDELWEISS

Indien jy graag by dr. Theo Swart se WhatsApp-groep wil aansluit om die stemboodskappe en sy weeklikse preek te ontvang, stuur 'n Whatsapp-boodskap na hom by 083 457 1647.

### LERAARS

Ds. Hanno Ackerman
079 543 5261
hanno@stellenberg.co.za

Ds. Marius Breytenbach
082 376 6053
marius@stellenberg.co.za

Ds. Philipp Dietmann
084 354 0729
pdietmann@gmail.com

Ds. Why Duvenhage
082 570 5931
why@stellenberg.co.za

Ds. René Potgieter
079 893 8104
rene@stellenberg. co.za

Ds. Callie Visagie
072 385 4368
ctvisagie@
stellenberg.co.za

**Stellenberg Ondersteuningsentrum (SOS)**
Rudolph van Schoor
Sentrumbestuurder
082 854 4530
rudolph@stellenberg.co.za

## PROJEK SAMARITAAN

Die kerkraad het in die lig van die Covid-19-pandemie aan ’n taakgroep opdrag gegee om ’n strategie vir noodverligting en ekonomiese herlewing te formuleer. Vier fokusareas is geïdentifiseer: voefselvoorsiening en –sekerheid, ekonomiese bemagtiging, onderwys en familiebehoeftees.

**Voedselhulp:**

Die nood vir voedselhulp raak groter en die gemeente werk nou saam met verskeie nieregeringsorganisasies rakende die insameling en verspreiding van voedsel en om gesinne/persone te bedien wat nie deur groter hulpverleningsnetwerke bereik word nie.

- Indien jy tot die uitgebreide voedselbediening wil bydra kan jy ’n elektroniese oorbetaling na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, maak. Gebruik *hande en rande* as verwysing.

**’n Ondersteuningsnetwerk vir kinders:**

Dit het onder ons aandag gekom dat ouers wat werk (dikwels deesdae vanaf hulle eie huise) hulp/ondersteuning benodig om hul kinders te versorg, of met die voltooiing van skoolwerk by te staan.

- Het jy ’n behoefte aan ’n kinderversorger, of leerondersteuning vir jou kind, terwyl jy werk?
- Kan jy teen vergoeding kinders met leerondersteuning bystaan, of behulpsaam wees met die algemene versorging van kinders?

Indien jy op enige een van bg. vrae wil reageer, kontak asb. vir

Dirmü Gouws by 082 956 9946/dirmugouws@iafrica.com, of

Lindy van Wyk de Vries by lindy@stellenberg.co.za

**Advertensieblad:**

Tydens die landwye inperking is advertensies in die gemeente se advertensieblad, genaamd Samaritaan, gratis. Ons vertrou dat die gebaar plaaslike en informele besighede sal ondersteun.

Stuur jou advertensie voor Maandag 25 Mei aan Faan Blom by faanblom@yahoo.com. Die Samaritaan verskyn weer op Vrydag 5 Junie. Vorige maande se Samaritaans is op www.stellenberg.co.za.

### STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. ’n Kliniese sielkundige, spraak- en arbeidsterapeute, ’n besigheids- en lewensafrigter, asook ’n musiek-terapeut se dienste word aangebied. Die sentrum is gesluit, maar Rudolph van Schoor, sentrumbestuurder en lewensafrigter, is beskikbaar vir noodgevalle by

082 854 4530.

### EK HET HULP NODIG

Indien jy tydens self-isolasie, of die landswye inperking, enige vorm van fisiese hulp benodig, kontak asseblief een van die leraars. Vrywilligers is beskikbaar wat lidmate met die aankoop en aflaai van kruideniersware of medikasie sal ondersteun.

## FINANSIËLE BYDRAES

### Debietorder

Laai die aansoekvorm van die webwerf af.

### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening


145 058 0011, takkode 632005.


### SnapScan

### Kontantbydraes

Diegene wat verkies om hulle bydraes kontant te gee, kan steeds kontantbydraes by die kerkkantoor afgee. Daar is 'n beveiligde posbus by die voordeur van die kerkkantoor. Plaas jou bydrae daarin. Die posbus sal daagliks leeggemaak word.

Die grafieke toon die afgelope drie maande se finansiële bydraes.




### GEDAGTES VIR ELKE DAG VAN INPERKING

'n Geestelike dagstuk word daagliks op www.stellenberg.co.za onder "Gedagtes vir elke dag" geplaas, of lees dit elke dag op die gemeente se Facebookblad.

### BYBELSKOOL

Die vyf Bybelskoolsessies oor die aartsvaderverhale is op die webwerf beskikbaar.

### HET JY 'N PREEK MISGELOOP?

Kliek op die eredienste-blokkie op die webwerf en dan op die YouTube-skakel om die argief van al die preke te bereik.

# FINANSIËLE TERUGVOER NA KERKRAADSVERGADERING

Die kerkraad het teen die agtergrond van die veranderde kerklike omgewing opnuut gaan kyk na die bedieningstrategie, ons prioriteite, asook die begroting wat aanvanklik vir 2020-2021 opgestel is. Al die kommissies het nuwe prioriteite bepaal om die gemeente so effektief en innoverend moontlik te bedien. Alle kommissies se uitgawes is drasties gesny. Om enkeles te noem: Kantooradministrasie met 43%. Eiendomme met 60%. Kommunikasie met 50%. Aanbidding met 52%. Getuienis met 44%. Die bydrae aan die sinodale struktuur is ook met die helfte verminder.

Die kerkraad is bewus van en besef die finansiële impak wat die uitermate veranderde en steeds veranderende ekonomiese omgewing op ons lidmate het en heel waarskynlik vorentoe steeds gaan hê. 'n Verantwoordelike aangepaste begroting was dus van kardinale belang, ook om so ons verpligtinge teenoor veral personeellede na te kom.

Die aanvanklike begrote inkomste van R10 miljoen is aangepas na 'n verwagte inkomste van R6.9 miljoen. Die geprojekteerde daling van inkomste is hoofsaaklik op die volgende terreine:

| **ITEM** | AANVANKLIKE BEGROTING | HERBEGROOT | % MINDER/ MEER | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Bankkollektes | R1 100 000 | R385 000 (30%) | -65% | Die inkomste tans net 15%. |
| Dankoffers | R5 025 000 | R5 025 000 (100%) | 0% | Inkomste tans 2% bo begroting. |
| Feesmark | R2 250 000 | R45 000 (0.68%) | -98% | Aanlyn feesmark word ondersoek. |
| Tiendemaand | R1 550 000 | R930 000 | -40% | Onsekerheid |

Onsekerheid bestaan oor die langtermyn impak van die heersende omstandighede op lidmate se finansiële vermoëns. Die kerkraad poog om deur gereelde terugvoer lidmate ingelig te hou en deur goeie finansiële bestuur die gemeente se rentmeesterskap uit te leef. Ons voorsien dat die fokus vir die afsienbare toekoms hoofsaaklik op die getuienisbediening sal wees. Die situasie word driemaandeliks gemonitor en aanpassings sal soos nodig gemaak word.

**Aanpassing van vergoeding:** As 'n gemeente met meer as 5 000 lidmate is die vergoedingskomponent 'n groot uitgawe. Daar is gepoog om met die geprojekteerde inkomste nie personeel af te lê nie, maar die aangepaste begroting bring mee dat die vermindering van personeelvergoeding genoodsaak is. Die predikante se vergoeding word met 23% aangepas en die personeel s'n met 20%. Alle personeellede is dienooreenkomstig ingelig. Dankie nogmaals vir elke lidmaat se ondersteuning, bydrae en gebede in dié tyd.